## Jeugdag: Word 'n kampvegter vir maatskaplike geregtigheid deur ander te dien

**Abigail Larsen***

Geestesgesondheidsprobleme onder jongmense is hoër as ooit – en Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Dit behoort nie verbasend te wees nie, aangesien ons in 'n samelewing leef wat 'n obsessie met die self het.

Ons gebruik voortdurend sosiale media om ons sukses en 'n gepoleerde fasade te wys. Ons is vasgevang in 'n dolle gejaag van vergelyking en oordeel, wat ons vals, magteloos en ontoereikend laat voel.

Hierdie konstante vergelyking, meedoënlose strewe na prestasie, en desperate behoefte om ons waarde te bewys het 'n angstige generasie geskep – 'n generasie wat in selfverwesenliking na 'n doel soek, maar slegs leegheid vind.

Terwyl ons Jeugdag op 16 Junie vier, moet ons ook die geestesgesondheidskrisis onder jongmense aanpak – en oorweeg hoe ons dit kan begin oplos.

Alhoewel dit 'n komplekse en veelvlakkige kwessie is, lê een van die antwoorde dalk in die vind van 'n sin van doelgerigtheid – 'n doel wat gewortel is in diens aan ander. Om hierdie doel te vind, sal ons na buite moet kyk en die onrealistiese verwagtinge wat ons aan onsself gestel het, moet laat vaar. Deur dit te doen, sal ons ander sien – en deur hulle te sien, begin ons sien wat werklik saak maak.

Deur ander te dien en aan ander te gee, word ons kampvegters vir maatskaplike geregtigheid. Dis 'n waardige beweegrede, veral in 'n land wat deur soveel diepgewortelde uitdagings in die gesig gestaar word.

Maar hoe word ek 'n kampvegter vir maatskaplike geregtigheid, mag jy vra?

As jongmense kan ons begin deur vrywilligerswerk te doen by baie organisasies wat die kwesbaarstes in ons samelewing ondersteun. Alhoewel baie van ons dit dalk nie besef nie, het ons wel die hulpbronne en kapasiteit om 'n verskil te maak. In my eie vrywilligerswerk in verskillende lande het ek eerstehands ervaar dat wanneer jy gee, jy ook ontvang. Ek het altyd met my beker vol vertrek – vol liefde, vol uitdaging, vol doelgerigtheid.

Perspektief verander alles. En om ander te dien? Dit is wat my perspektief verskuif.

Van die vervullendste oomblikke in my lewe was dié wat ek in diens van ander bestee het. Dit sluit in om saam met 'n NRO in Rwanda genaamd Love with Actions te werk om hoop te herstel aan gesinne met gestremde kinders; om saam met die ou en siek mense in 'n hospies in Msinga, diep in landelike KwaZulu-Natal (KZN), te sing en met hulle te praat; om 'n baba wat liefde nodig het by The King's-kinderhuis in Oos-Londen vas te hou; en basketbal te speel saam met kinders in 'n weesdorpie genaamd LIV Village aan KZN se Noordkus. Dit was in hierdie oomblikke dat ek die lewendigste gevoel het. Ek het besef dat my lewe nie saak maak net omdat dit vir my saak maak nie – dit maak saak omdat dit iemand anders se lewe beter maak.

Sommige jongmense vandag voel dalk dat ons ’n hersenskim verkoop is toe demokrasie in 1994 gekom het – dat die beloftes wat gemaak is nie die werklikhede was wat geërf is nie. Sommige voel dalk dat daar niks is om aan die volgende geslag oor te dra nie.

Miskien is daar vir ons gelieg.

Miskien gaan ’n betekenisvolle lewe nie oor wat ons vir toekomstige geslagte in ons bankrekenings nalaat nie, maar oor wat ons in mense agterlaat. Dit is nie erfenis waarna ons moet streef nie – dit is nalatenskap.

Ons moet altyd onthou dat ons hier is vir mekaar. Ons is hier om die armes lief te hê, die hongeres te voed en hoop te gee aan die hopeloses.

Ten spyte van die uitdagings wat ons as jongmense in die gesig staar, het ons die ongelooflike geleentheid om aktiviste vir maatskaplike geregtigheid te word en ons nasie te help verander. Ons generasie kan die vrygewigste, doelgerigste en impakvolste een tot nog toe word.

Die wonderlike ding is, ons is nie alleen nie. Daar is so baie wat reeds hierdie werk doen. In Suid-Afrika is daar meer as 120 000 organisasies wat die kwesbaarstes in ons samelewing dien. As student aan die Universiteit Stellenbosch het ek al baie sosiale-impakgeleenthede en klere-insamelings gesien. Maar op een of ander manier is dit steeds iets periferaal tot ons lewens.

Daarom is ek en ander geïnspireer om ’n app genaamd Thallo te ontwikkel – ’n Griekse woord wat beteken “om te floreer”. Thallo is ontwerp om die gaping tussen mense en doelwitte te oorbrug. Dink daaraan as ’n sosialemedia-toepassing vir sosiale impak.

Thallo werk deur gebruikers en organisasies toe te laat om profiele te skep. Jy kan ’n organisasie wat op die app geregistreer het volg, aan hulle geld skenk of by hulle vrywilligerswerk doen. Organisasies kry bewustheid, ondersteuning en bekwame vrywilligers. Gebruikers kry geverifieerde erkenning en belonings vir hulle bydraes. Die app het selfs ’n “Initiate”-bladsy, waar individue hulle eie plaaslike gemeenskapsgedrewe oplossings kan begin en deel. Dit is ’n sentrale plek om geleenthede en projekte te ontdek wat jou gemeenskap ophef.

Ons bou gemeenskap en moedig volhoubare oplossings vir plaaslike probleme aan.

Ten slotte, kom ons herinner mekaar op Jeugdag daaraan dat dit is deur ander lief te hê en te dien – veral die kwesbaarstes in ons gemeenskappe – dat ons onsself vind en die geskenk ontdek wat ons vir die wêreld is.

***Abigail Larsen is ’n BCom Internasionale Besigheid-student en leier van die portefeulje vir sosiale impak by Lydia-koshuis aan die Universiteit Stellenbosch.**